**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

## NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 29 AUGUSTUS 2023 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. R Swarts | [DA] | : | Speaker |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester *(waarnemende Uitvoerende Burgemeester)* |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. J Daniels | [DA] | | |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. A Small (Me.) | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. AC Isaacs | [PA] | | |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste (*waarnemende Munisipale Bestuurder)* |
| Mev. N Bothma | : | Bestuurder: Uitgawes en VKB *(waarnemende Direkteur Finansiële Dienste)* |
| Mnr. EJ Bothma | : | Hoof: Siviele Dienste (Porterville) *(waarnemende Direkteur: Tegniese Dienste)* |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. C Ranna | : | Interne Ouditeur |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Adv. L Roos | : | Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste |
| Mev. V Willems | : | Klerk: Komitees |

***

**AKSIE**

**RVN029/08/2023**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Speaker verwelkom almal by die vergadering, waarna Raadslid Du Plooy die vergadering open met gebed.

'n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon en op die "YouTube" platform ingeskakel is.

***

**RVN030/08/2023**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Uitvoerende Burgemeester - Ander munisipale verpligtinge (PCF in Plettenbergbaai)
Munisipale Bestuurder - Ander munisipale verpligtinge (PCF in Plettenbergbaai)
Direkteur: Tegniese Dienste - Ander munisipale verpligtinge (opleiding)

***

**RVN031/08/2023**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

Die Raadslede verklaar hul kollektiewe belange by item **RVN040**.

***

**RVN032/08/2023**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JULIE 2023**
**3/3/2/2**

**BESLUIT**

Dat die notule van die vergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Julie 2023, bekragtig word.

***(VK WILLEMS)***
***KLERK: KOMITEES***

***

**RVN033/08/2023**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAG VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING SOOS GEHOU OP DINSDAG 25 JULIE 2023**
**3/3/2/2**

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslag van die Raadsvergadering, soos gehou op Dinsdag 27 Junie 2023.

***

**RVN034/08/2023**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN035/08/2023**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE ONDERBURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Die Speaker doen die volgende mededelings:</u>

<u>LIEF</u>

- Dat Raadslid Jacobus Daniels op Saterdag 05 Augustus 2023 verjaar het en wens hy hom geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag;
- Dat Raadslid Audrey Small op Sondag 06 Augustus 2023 verjaar het en wens hy haar geluk, seënwense en sterkte toe met haar verjaarsdag;
- Dat Raadsheer Evert Manuel op Saterdag 16 Augustus 2023 verjaar het en wens hy hom geluk, seënwense en sterkte toe met sy verjaarsdag; en

<u>LEED</u>

- Dat mnr. G Jurens (werksaam in die Gemeenskapsdienste Direktoraat in Velddrif) se broer oorlede is en word sy en die familie sterkte toegewens in hierdie tyd;
- Hy betuig die Raad se meegevoel met families van die drie (3) persone wat afgesterf het tydens ‘n brand by die plaas De Kuile en wens die familie sterkte toe in hierdie tyd;
- Dat onderskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

‘n Minuut van stilte word handhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

<u>Die Voorsitter, waarnemende Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder doen die volgende mededeling:</u>

Hul bedank die Interne Ouditeur, me. C Ranna vir haar goeie diens en leierskap aan Bergrivier Munisipaliteit en die publiek en wens haar asook haar gesin sterkte toe met hul gesondheid en toekomsplanne.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN036/08/2023**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS</u>**
**3/3/1/5**

Geen

***

**RVN037/08/2023**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN038/08/2023**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VULLIS-OUDIT (EKSTERNE)</u>**
**16/6/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae A)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat kennis geneem word van die ouditverslag van DEAD&P oor die stortingsterrein van Redelinghuys (Aanhangsel A) asook die aksieplan om te voldoen aan die nie-nakoming daarvan; en
2. Dat kennis geneem word van die ouditverslag, soos opgestel deur Delta Built Environment Consultants (PTY) LTD, van die stortingsterreine te Piketberg, Redelinghuys, Porterville en Aurora alvorens die verslae aan DEAD&P voorgelê kan word. (Aanhangsels C-F).

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN039/08/2023**
**<u>VERTEENWOORDIGERS VAN BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE</u>**
**3/2/2**
***(Die Excel dokument word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae B)***

Die waarnemende Munisipale Bestuurder lei die item kortliks in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die Raad die aangehegte lys van verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede goedkeur, met die veranderinge soos bespreek.

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE EN REGSONDERSTEUNINGS-DIENSTE***

***

**RVN040/08/2023**
**<u>RAADSLIDVERGOEDING</u>**
**5/11/1**
***(Die verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei – Bylae C)***

Die Voorsitter lei die item in. Die waarnemende Munisipale Bestuurder gee breedvoerige agtergrond met betrekking tot die item onder bespreking.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede met spesifieke verwysing dat daar verseker word dat die korrekte bewerkings gedoen moet word op die uitbetalings aan die onderskeie Raadslede.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat kennis geneem word van die inhoud van Goewermentskennisgewing R.2126 soos afgekondig in Staatskoerant 49142 gedateer 18 Augustus 2023, asook die implikasies wat die verhoogde toelaes en byvoordele vir die Munisipaliteit as Graad 3 plaaslike owerheid inhou ten aansien van die 2022/23 finansiële jaar, soos toegelig in Aanhangsel A tot hierdie verslag;
2. Dat kennis geneem word dat daar genoegsame voorsiening in die 2022/23 en 2023/24 bedryfsbegroting gemaak is om die verhoogde toelaes en voordele te dek. Dat die Raad verleen gevolglik goedkeuring vir die

***BESTUURDER: ADMINISTRASIE EN REGSONDERSTEUNINGS-DIENSTE***

implementering daarvan, terugwerkend vanaf 01 Julie 2022 ten aansien van vorige raadslede wat nie herverkies is nie, herverkose raadslede, en nuut verkose raadslede, met ingang vanaf 09 November 2021 (met een Raadslid vanaf 25 Julie 2023).

3. Dat daar voldoen sal word aan die oorlegplegingsvereistes van die LUR vir plaaslike regering ten einde lg. se instemming te bekom vir die implementering van die gewysigde toelaes en voordele;

4. Dat die Munisipale Bestuurder haar vergewis dat die inligting wat in terme van Item 18 van die Goewermentskennisgewing vereis word aan die LUR vir plaaslike regering voorgelê word, teen nie later nie as 18 September 2023 (So spoedig moontlik); en

5. Dat die Artikel 79 deeltydse Raadslede weggelaat is in die huidige Staatskoerant en dat Administrasie getaak is om 'n rekonsiliasie te doen van die vergoeding en dienooreenkomstig terugrapporteer oor die aangeleentheid.

***MUNISIPALE BESTUURDER (waarnemend)***

***DIREKTEURE FINANSIËLE DIENSTE EN KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN041/08/2023**

**<u>DRAFT AMENDMENTS TO THE BY-LAW RELATING TO CONTROL OF UNDERTAKINGS THAT SELL LIQUOR TO THE PUBLIC, 2018.</u>**

**1/4/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item kortliks in.

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the contents of the report be noted and that Option 2 proposed by DEDAT be recommended to the Executive Mayoral Committee ;

2. That in terms of Section 12(2) of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) proposed <u>amendments</u> to the By-law Relating to Control of Undertakings that sell liquor to the Public, 2018 be <u>endorsed for the purpose of public representation;</u>

3. That in terms of Section 12(3)*(b)* of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) the proposed <u>amendments</u> to the By-law Relating to Control of Undertakings that sell liquor to the Public, 2018 <u>be published for public representations</u>; and

4. That, after publication, the proposed amended By-law Relating to Control of Undertakings that sell liquor to the Public, 2018 and any representations received be submitted to Council for consideration.

***MANAGER: PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN042/08/2023**

**<u>HEFFING VAN ADDISIONELE FOOIE VIR ONGEMAGTIGDE BOUWERKE SOOS PER GOEDGEKEURDE TARIEWE VAN BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**

Raadslid Moolman lei die item kortliks in.

**<u>Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar</u>**

**<u>BESLUIT</u>**

1. Dat die Raad 'n grasietydperk van drie (3) kalendermaande, vanaf die datum van skriftelike kennisgewing aan 'n eienaar, instel waarbinne 'n eienaar planne kan indien vir enige gebou wat opgerig was sonder die nodige goedgekeurde bouplanne, alvorens die addisionele fooie vir ongemagtigde

bouwerk (uitgevoer sonder die nodige goedgekeurde bouplanne) gehef word. Indien hierdie periode oorskry word, sal die eienaar die addisionele fooi gehef word en geen vertoë oorweeg word nie;

2. Dat huidige onafgehandelde vertoë op hierdie wyse hanteer word, naamlik dat eienaars ook drie (3) kalendermaande gegun word om planne in te dien. Dié wat reeds ingedien en betaal het, word vergoed vir die addisionele fooi reeds betaal;

3. Dat hierdie slegs as ‘n interim maatreël ingestel word gegewe die potensiële wetlike implikasies sou dit in die hof betwis word en so spoedig moontlik deur ‘n verordening aangespreek word wat duidelik die oortredings en gepaardgaande boete(s) uiteensit; en

4. Dat die betrokke hofuitspraak deeglik bestudeer word om die korrekte meganisme vir toekomstige optrede te bepaal.

***DIREKTEUR: TEGNIESE DIENSTE***

***

**RVN043/08/2023**
**<u>MONTHLY BUDGET STATEMENT: MAY 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for May 2023.

***

**RVN044/08/2023**
**<u>QUARTERLY AND MONTHLY BUDGET STATEMENT: JUNE 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for June 2023.

***

**RVN045/08/2023**
**<u>MONTHLY SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORTS: MAY 2023 – JUNE 2023</u>**
**5/1/B, 5/1/1**

**<u>The undermentioned resolution was taken unanimously by Council</u>**

**<u>RESOLVED</u>**

That the Executive Mayor take note of the May 2023 and June 2023 Supply Chain Management Implementation reports and that they be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**RVN046/08/2023**
**IMPLEMENTATION OF SUPPLY CHAIN MANAGEMENT POLICY IN TERMS OF SECTION 6(1)(3) OF THE MUNICIPAL REGULATIONS FOR THE FOURTH QUARTER AND THE FINANCIAL YEAR 2022/2023**
**5/1/B, 5/1/1**

**The undermentioned resolutions was taken unanimously by Council**

**RESOLVED**

1. That Council considers and takes note of the Supply Chain Management implementation report for the period 1 July 2022 to 30 June 2023 and representing the fourth quarter of the 2022/2023 financial year; and
2. That the report be made public in accordance with section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act (Act no 32 of 2000).

***

**RVN047/08/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN048/08/2023**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN049/08/2023**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Die Speaker meld dat 'n gesamentlike Wykskomitee geskeduleer is vir Saterdag 09 September 2023 waarna hy meld dat hy 'n versoek gaan rig dat besluite, items, verslae en -notules vanaf die Wykskomitees na die Staande Komitees verwys moet word vir kennisname deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Raad.

**KENNIS GENEEM**

***

***Die amptenare verlaat die vergadering om 14:42, waarna die volle Raad, Munisipale Bestuurder Direkteur Finansiële Dienste, Bestuurder: Administrasie en Regsondersteuningsdienste en die Klerk: Komitees die vergadering In-Komitee voortsit.***

**RVN051/08/2023**
**IN-KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN052/08/2023**
**IN-KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVNN KENNIS GENEEM IS, TER INLIGTING AAN DIE RAAD**
**3/2/1/3**

Geen

***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:27*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ____________________ | _________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |